

**15 Desember**

**Buig voor die regering van ons Here Jesus Christus**

**Skrifgedeelte: Openbaring 11:15-19**

**Fokusgedeelte: Openbaring 11:17**

Die Lam is alleen waardig om die boek oop te maak van die Een wat op die troon sit. Hy alleen kan seël vir seël breek om die weë van die kerk en die wêreld wat daarin opgesluit is, bekend te maak.

Wanneer die sewende seël oopgemaak word, is daar weer sewe engele met sewe basuine wat die verdere geskiedenis van kerk en wêreld simboliseer. Elke engel blaas op sy basuin en met elke blaas kom daar meer en meer doodslag. Wat 'n wanhopige prentjie van die wêreldgeskiedenis, en dan blaas die sewende basuin.

Uit hierdie basuingeklank kom die wonderlike boodskap: die koninkryke van die aarde het die eiendom van Christus geword. Alles behoort aan Hom. Hy het die verderwers van die aarde verderf. En wanneer hierdie heerskappy van Christus so luid verkondig word, wat doen die ouderlinge? Hulle val op hulle knieë en dank Christus daarvoor dat hy as Koning oor hulle heers. Die kerk dank Christus vir sy heerskappy.

Dit is wat in die hemel gebeur. En hier op aarde? Dank ons ook vir Christus oor sy heerskappy? Ons wat so maklik wil maak wat ons wil. Ons wat so maklik self sal besluit wat in die kerk en in die wêreld belangrik is. Ons wat so maklik ons eie baas in ons lewe is. Ons kerke staan op die vooraand van 'n wonderlike gawe. Die Here het ons geseën met wonderlike jare waarin die kerk gegroei het en die evangelie kon bedien. Dit is so dat ons ook in ons kerk stryd voel en beleef, dit is immers die gevolge van ons sonde, maar ons dankgebed in hierdie tyd kan soveel verder fokus as net ons bestaan. Dit moet so ver fokus dat ons werklik sal buig voor die regering van ons Here Jesus Christus.

*Sing: Psalm 99:1, 2, 3*

*Ds. C Jooste (Innesdal/Eloffsdal)*